# HANDEL LANGS DIE VROEGSTE ROETES

*Dr. J.B. de Vaal*

In 'n vorige artikel is 'n poging aangewend om die vroegste handelsroetes te rekonstrueer sonder om oor die handel self uit te wei.[1] Om meer omtrent die handel langs hierdie roetes te wete te kom, is die navorser aangewese op (1) argeologiese vondste aan die ooskushawes en langs die ou binnelandse roetes; (2) die eerste myne, hulle koolstofdaterings en die metaalvoorwerpe wat daar en elders vervaardig is; (3) historiese bronne en (4) mondelinge oorlewering.


Reeds voor die koms van Blanke nedersetters het by sowel die verskillende Swart stamme in die binneland van Noord- en Oos-Transvaal as by die handelaars aan die Mosambiekse kus 'n groot vraag bestaan na verskillende soorte metaal en die artikels wat daarvan vervaardig is. Gevolglik was die vernaamste myne en handelsdepots deur handelsvoetpaaie met mekaar en met die ooskushawes verbind.

By die Phalaborwamyne wat van 700 n.C.[2] af ontgin is, is daar kopervoorwerpe, bekend as *marale*, gegiet.[3] Dit bestaan uit 'n ronde staaf van omtrent 500 mm lank en 13 mm in deursnee, met 'n keëlvormige kop daaraan gegiet. Aan party van die koppe is tot vier stafies van 34 mm lank, maar voorbeelde sonder stafies bestaan ook.


By Messina het Swart smelters koperstawe gegiet deur met 'n vierkantige, reghoekige of ronde houtvorm 'n gat in nat sand te maak. Op die bodem van hierdie gat is gaatjies met 'n stokkie, omtrent so dik soos 'n potlood, in rye gesteek. Voordat die gesmelte koper gegiet is, is 'n bol klei (of slak) in die boonste groot gat wat as tregter gedien het, geplaas, moontlik om koper te bespaar. As die koper afgekoel het, is die voorwerpe met stafies daaraan uitgehaal en die stafies afgekap sodat net die koper wat in die vorm was, met die oorvloeisel na weerskante toe, oorgebly het. Omgekeer lyk

*Kopervoorwerpe uit die distrik Soutpansberg. Die boonste drie en die twee grotes onder is* musuku. *Die plat skyf met gaatjies in die pennetjies dui op hol stafies wat vir die maak van soliede koperkrale aangewend is. Die stafie met 'n kop langsaan is by Matšhêma-bouval uitgesif, terwyl die onverwerkte stuk koper in die middel langs die handelsvoetpad wat oor die plaas Schuynshoogte gaan, opgetel is.*

FOTO J.B. DE VAAL



1. J.B. DE VAAL, Ou handelsvoetpaaie en wapaaie in Oos- en Noord-Transvaal, *Contree* 16, Julie 1984, pp. 5-15. Die handel self is reeds deels aangeroer deur T.M. EVERS, Iron Age trade in the Eastern Transvaal, *The South African archaeological bulletin* 29(113 en 114), Junie 1974, pp. 33-37.
2. E.C.I. HAMMERBECK en J.J. SCHOEMAN, Koper, in *Delfstowwe van die Republiek van Suid-Afrika* (Pretoria, 1976), p. 130.
3. A.C. HADDON, Copper rod currency from the Transvaal, *Man* 8(65), 1908, pp. 121-122; G. LINDBLOM, Copper rod currency from Palabora, N. Transvaal, *Man* 26, Augustus 1926, pp. 144-147; J.B. DE VAAL, Die ou kopermyne van Messina, *Latern* 1(5), Mei 1952, pp. 405-408; D. ACKERMANN, Marale van groot argeologiese belang, *Custos* 12(6), September 1983, pp. 30-31.



*'n Smeltoond by Phalaborwa.*

die gietsel soos 'n hardebolkeil met rye pennetjies daarop.[4] Hierdie gietsels, of ***musuku,*** het in die verlede taamlik volop in Soutpansberg voorgekom. Die feit dat verskeie daarvan langs die ou handelsroetes gevind is, dui daarop dat daarmee handel gedryf is. Daar is ook kleiner enkele ronde stafies van 50 tot 115 mm by 6 mm met 'n koppie soos dié van die *lerale* daaraan gegiet. Die koppie was waarskynlik die tregterholtetjie in die nat sand.[5]

Dis ook bekend dat die smede soliede koperkrale gegiet het.[6] Van die koperstawe is soliede arm- en beenringe vervaardig en draad getrek om ringe te maak.


Van tin is drie soorte gietsels verkry, naamlik (1) 'n koekievormige gietsel met 'n gaatjie daardeur, (2) 'n lang driehoekige staaf van 508 mm, met 9 mm-sye, en (3) stawe waarvan een 406 mm lank, 70 mm hoog en 44 mm breed is. Aan elke kant is 'n regop punt wat bokant die staaf uitstaan, met tussenin 'n reeks knoppies wat eweredig gespasieer is. 'n Ander staaf is 362 mm lank, 25 mm hoog en 25 mm breed. Dit het geen knoppies soos die vorige een nie, maar slegs twee regop punte aan die kante.[7] Hierdie stawe kon maklik deur handelaars vervoer en deur smede verwerk word.

By die Tshimbubfe-ystermyne is ystererts vir graan, wat in velsakke vervoer is, geruil en oor lang afstande na die verskillende smelters en smede in dieselfde sakke gedra. Die smede het by Tshimbubfe en op baie ander plekke in die distrik Soutpansberg ysterbyltjies, strydbyle, pylpunte, messe, skeermesse, sweetskrapers, assegaaipunte, sekels, hamers en skoffelpikke vervaardig om te gebruik en te verhandel[8] Die tipiese Vendapik het 'n lang steel met 'n diamantvormige blad. Die lengte wissel van 432 tot 483 mm en die breedte van 160 tot 195 mm.

'n Groot ongebruikte skoffelpik in die vorm van 'n spitgraaf met 'n besonder lang bopunt (of steel) is omtrent dertig jaar gelede op die plaas Boomplaats naby Lydenburg gevind. Dit is waarskynlik deur die Rokasmede van Sekhukhuneland vervaardig.[9] Die hele pik is 750 mm lank en die blad 290 mm lank en 170 mm breed.[10]

Goud is in prehistoriese tye in die distrikte Middelburg, Pelgrimsrust, Lydenburg, Groblersdal en in Soutpansberg gedelf en bewerk. In Soutpansberg het die Lemba-ambagsmanne, wat baster-Arabiere was, die goudindustrie gemonopoliseer. Hulle het die goud ontgin en in die vorm

4. G.H. Stanley, Notes on ancient copper workings and smelting in Northern Transvaal, *Proceedings of the University of Durham Philosophical Society* 3(5), 1910; G.H. Stanley, Primitive metallurgy in South Africa : some products and their significance, *South African journal of science*, 26.12.1929, pp. 733-748. In Mei 1944 het Mahushu Dau, destyds die enigste nog lewende delwer van die Messinakopermyne voor die koms van die Blanke, aan die outeur en sy vrou beskryf hoe die ***musuku*** gegiet is.
5. Volgens voorbeelde in die museum van die Messinamyn. Een is ook by die Matšhêmabouval uitgesif. Kyk H.A. Stayt, *The Bavenda* (Oxford, 1931), pp. 64-65.
6. 'n Plat kopergietsel in my versameling met knoppies waarin gaatjies voorkom, bewys dit.
7. H.M. Friede en R.H. Steel, Tin mining and smelting in the Transvaal during the Iron Age, *Journal of the South African Institute for Mining and Metalurgy* 76 (12), Julie 1976, p. 465.
8. E.D. Giesekke, Die Eisen-Industrie der Bawenda, *Die Brücke* 7(4), Julie 1903, pp. 5-9; J.B. de Vaal, Ysterbewerking in Vendaland, *Lantern* 2(2), Oktober 1952, pp. 152-156.
9. A. Merensky, *Erinnerungen aus dem Missionsleben in Süd-Ost Afrika 1859-1882* (Bielefeld en Leipzig, 1888), p. 170.
10. Daar is voorbeelde van die skoffelpikke in my versameling.



*'n* Lerale *wat van Phalaborwa afkomstig is.*

FOTO: J.B. DE VAAL

van smal reghoekige stafies gegiet.[11] Ongelukkig is voorbeelde daarvan nog nie ontdek en beskryf nie. Van hierdie goud het hulle onder meer ringe gemaak wat die Voortrekker J.G.S. Bronkhorst in 1836 op Soutpansberg by 'n goudmyntjie gesien het.[12] Kamanjan, 'n ou Shangana-Tsonga, het in 1939 'n ring aan sy vinger gehad wat volgens hom van Soutpansbergse goud vervaardig was, waarskynlik deur die Lemba. Dit is egter nooit getoets nie en ek het ook nie gevra wat hy daarvoor betaal het nie. Sover bekend is verwerkte goud slegs op twee ander plekke in die Soutpansberggebied gevind, naamlik by Mapungubwe as plaatgoud, spykertjies en kraaltjies, en by die Matšhêmabouval as kraaltjies en 'n dun draadjie van 110 mm lank en 0,5 mm in deursnee.[13] Die onverwerkte goud kon uit die Soutpansbergse myntjies afkomstig gewees het, maar die waarskynlikheid is groter dat dit deur handelaars van oorkant die Limpopo gebring en ter plaatse deur die Lembasmede verwerk is.


Op die plaas Doornpoort in die distrik Groblersdal is erts gevind wat 27,5 gram goud per ton bevat, teenoor die Witwatersrand se ongeveer 6 tot 7,5 en 5 gram per ton. Daar is ook 'n goue ring van 653 gram met 'n inskripsie, wat as die jaartal 1640 ontsyfer is, op die plaas gevind. Die goudinhoud daarvan is op 60 persent gestel. 'n Dergelike ring, ook met 'n inskripsie, is jare gelede deur G.J. Joubert van Graskop van 'n vrou verkry.[14]

In Mei 1867 het dr. H.T. Wangemann die Berlyns-Lutherse sendingstasie Matlala van eerw. A. Merensky noordwes van die huidige Pietersburg besoek. Omtrent drie kilometer van die sendingstasie was 'n kraal waar Lemba woonagtig was. Volgens Wangemann "het sommige Malepa

11. L.C. THOMPSON, Ingots of native manufacture, *Nada* 26, 1949, p. 13; J.B. DE VAAL, Die Lemba . . . die Semiete onder die Bantoe van Suidelike Afrika, *Bantoe* 7, Julie 1958, pp. 51-74.
12. G.S. PRELLER (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)* (Bloemfontein, 1917), bylae III, p. 388; J.B. DE VAAL, An ancient mine in the Transvaal, *African studies* 1(2) Junie 1942, pp. 151-152.
13. L. FOUCHE, *Mapungubwe* (Cambridge, 1937), asook vondse deur my te Matšhêma gemaak.
14. *Dagbreek en Sondagnuus*, 3.4.1966 en 24.4.1966; R. MASON, *Prehistory of the Transvaal* (Johannesburg, 1962), p. 419.

*Smelters demonstreer hoe ystererts by Tshimbubfe gesmelt is. Let op die velblaasbalk, die wildsbokhorings daar uit en die kleipyp wat kontak met die vuur moet maak.*

FOTO: H. GROS





*Dr. H.T. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sending, wat die sendingstasies in Suid-Afrika in 1866-67 besoek het.*

FOTO: GESKENK AAN SKRYWER DEUR MEV. C. KASKE

van hulle sogenoemde goue ringe uit hulle ou land vir verkoop saamgebring. Merensky het 'n aantal daarvan gehandel. Dit was koper, soos dit gelyk het, sterk met goud vermeng. Hulle het hierdie metaal in hulle oud-vaderland, Mashonaland, herwin."[15]


Twaalf jaar tevore, in Mei 1855, het 'n winkelier wat aan die westelike punt van die Witwatersrand gewoon het, aan 'n Hollander, K.J. Kok, "een paar honderd platte koperen halsringen, die hy op zyn jaarlykschen tocht om ivoor in te ruilen, by de Mashona's verkregen had en die genoeg goud bevatten om naar Durban gezonden en daar versmolten te worden", gewys.[16] Dat ook hierdie ringe van Lembamaaksel was, ly geen twyfel nie, want Mashonaland was hulle vroeëre tuiste waar hulle sekerlik ook die vernaamste goudsmede was.

## ONDERLINGE HANDEL

Die Swart stamme wat myne besit het, het 'n lewendige handel met ander stamme gedryf. In Leydsdorp se wêreld is die *lerale* hoofsaaklik deur kapteins gebruik om vrouens mee te ruil.[17] Die Messinamynwerkers was, net soos die Tshimbubfe- of Ysterbergdelwers, nie landbouers nie. Daarom het hulle koper en kopererts vir graan verruil, en omdat hulle elke dag vleis geëet het, het hulle van hulle bure oorkant die Limpopo en van ander omliggende stamme beeste gehandel.[18]

Die Shangana-Tsonga van Soutpansberg en die Laeveld, wat nie groot ysterwerkers was nie, het pikke by Tshimbubfe vir graan, beeste en kleinvee geruil.[19] Baie skoffelpikke is nooit vir die landbou gebruik nie, maar slegs as ruil- en betaalmiddele. Die *bogadi* of *lobola* vir 'n stewige vrou was 30 pikke, maar as sy slank was, was dit 25. Dit wil voorkom of vyf pikke 'n ruileenheid was, want 25 pikke, in bondels van vyf gebind, is in 'n rivierbedding in Noord-Transvaal ontdek.[20] Die volgende tabel is veertig jaar gelede deur 'n ou Venda, Johannes Masindi, aan my verskaf: 'n koei was 20 pikke werd, 'n os elf, 'n bok twee, 'n skaap vier en 'n vrou 40. 'n Skoffelpik is later, toe klinkende munt in omloop was, vir vyf sjielings verkoop.[21]

Vanaf 1855 is opgaaf deur die Soutpansbergers van die Swartes ingevorder. Elke kaptein moes jaarliks òf vyf beeste òf vyf olifantstande òf 25 stawe koper òf twintig luiperdvelle betaal. Die eienaar van 'n hut moes òf 'n bok en 'n skaap òf vier pikke betaal.[22] Daar bestaan nie 'n volledige rekord van al die ingevorderde opgaaf nie, maar behalwe beeste, bokke, skape en olifantstande het João Albasini as belasting-




*Makushu Dau kon in 1944 nog lewendig beskryf hoe hy as kind vóór die koms van die Blankes in die Messina-kopermyne gewerk het en hoe die* musuku *gegiet is.*

FOTO: J.B. DE VAAL


15. H.T. WANGEMANN, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika* (Berlin, 1868), p. 438 (vertaling deur outeur).
16. EEN HOLLANDER *(pseud.* vir K.J. Kok), *Toen en thans* (Kaapstad, 1898), p. 160.
17. HADDON, *op. cit.*, p. 122.
18. N.J. VAN WARMELO, *The copper mines of Musina and the early history of the Zoutpansberg* (Pretoria, 1940), p. 82.
19. H.A. JUNOD, *The life of a South African tribe 2* (Londen, 1927), p. 138.
20. C.M. SCHWELLNUS, Short notes on the Palaboroa smelting ovens, *South African journal of science* 33, 1937, p. 911.
21. J.B. DE VAAL, Ysterbewerking deur die Bawenda en die Balemba in Soutpansberg, *Tydskrif vir wetenskap en kuns* 3(1), 6.8.1942, pp. 45-50.
22. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), S.S. 7 Staatsekretaris, inkomende stukke : R774/55 Zoutpansberg, 27.2.1855.




*Selfgemaakte ystervoorwerpe uit Soutpansberg afkomstig. Bo is 'n ysterhamer en van links na regs 'n ongebruikte en 'n gebruikte Vendapik, 'n gebruikte Shonapik, 'n byltjie, 'n mes, vyf pylpunte, drie spiespunte en heel onder waarskynlik 'n spiespunt in wording.*



*Van links na regs: 'n skildvormige Shonapik op die plaas Prince's Hill gevind, 'n graafvormige Pedipik van Lydenburg en 'n diamantvormige Vendapik (in 1944 aan die skrywer geskenk deur Vendahoofman Takalani van die distrik Sibasa).*



*Van links na regs: 'n tinstaaf met twee regopstaande punte aan die kante, 'n dun tinstafie; 'n koekievormige tingietsel en 'n ysterkeil waarmee in die tinmyne gedelf is.*



*'n Gedeelte van die tinstaaf wat langs 'n ou handelsroete op die plaas Madrid 112 uitgegrawe is.*

gaarder tussen 26 Desember 1859 en 7 April 1863 1 483 skoffelpikke ingevorder. Dit gee 'n aanduiding van die groot skaal waarop ystererts gedelf, gesmelt en tot gereedskap en skoffelpikke verwerk is.[23]

## METAALVOORWERPE LANGS OU ROETES GEVIND

Metaalvoorwerpe van yster, koper en tin wat op verskeie plekke in Soutpansberg ontdek is, getuig nog van die verkeer en handel wat in die verre verlede langs die ou roetes plaasgevind het en bevestig die bestaan van die roetes, soos uit die volgende voorbeelde blyk. Jare gelede is in 'n grot in Blouberg 'n aantal tinstawe en *musuku* gevind en op die plaas Spilsby aan Brakrivier twee *musuku.*[24] Dit bewys die wedersydse handel tussen die Rooibergtin- en Messinakopermyne langs die Messina-Brakrivier-Rooibergroete.

Onder 'n maroelaboom op die plaas Vogelstruis het 'n Swartman, in diens van mnr. G.P. du Preez, 'n *musuku* opgetel. Die vindplek was teenaan die ou handelsvoetpad tussen Messina en die Soutpan. Op die plase Bluebell en Prince's Hill, wat omtrent 25 km uitmekaar op die Soutpan-Tshivhaseroete geleë is, is twee pragtige ongebruikte skildvormige skoffelpikke gevind. Dit is volgens verskeie ou informante van Shona-oorsprong en bewys die handel met Mashonaland. Op Prince's Hill is ook in 1941 twee onbeskadigde Vendapikke ontdek, op die aangrensende plaas Sandilands 'n *musuku* en by Rivollakop, ook langs 'n ou handelsroete, nog 'n *musuku.*[25]

In 1949 het 'n arbeider 'n tinvoorwerp op mnr. M.J. du Plessis se plaas Madrid 112 van die Levoeboenedersetting oos van Louis Trichardt gevind terwyl hy besig was om 'n boom uit te grawe.[26] Volgens Dicke was daar 'n ou handelstasie op die plaas.[27]

Op 18 April 1837 het twee hoofmanne, Rossetoe en Mashao, vir Jan Pretorius en Izak Albach, wat lede van die Trichardttrek was, onder meer met 'n armring van tin betaal. Dit moes van 'n soliede tinstaaf gemaak gewees het, want Jan Pretorius "nam de ring, brak het door voor hem en Albach". Die betaling het verder bestaan uit "klerasiegoederen, een kombaars van die natie haar eige maaksel, 1 stuk geruijt -á 8 elle, 5 elle witte linnen".[28] Mashao het langs die ou handelsroetes gewoon en het die artikels ongetwyfeld by smouse wat van die kus af gekom het, geruil. Glaskrale wat uitgesif is op Magashulaskraal by die Albasinibouval in die Krugerwildtuin en langs die ou handelsroete wat langs die oostelike valskerpte noordwaarts lei, kom ook naby Pafuri, Waterpoort, die Matšhêmabouval, Mapungubwe, Kremetartberg aan die Mohalakwênarivier, Dzata, die Zimbabwebouval en in die Umtalidistrik noordoos van die Zimbabweruïnes voor.[29] Al hierdie plekke is met ou handelsvoetpaaie verbind.

## DIE KUSHANDELAARS

Die Swart handelaars het ook hulle ware kus toe geneem om dit daar aan Blankes te verhandel. Blankes het ook Swart draers met handelsartikels die binneland ingestuur, of self handelstogte daarheen onderneem. Wie hierdie eerste Blankes was, is onbekend. Een skrywer beweer dat die eerste mense wat om die ooskus van Afrika geseil het, Egiptenare en Feniciërs was. Die koningin van Shiras sou byvoorbeeld in 1470 v.C. ekspedisies langs die ooskus af gestuur het om die land Punt te gaan verken, terwyl die Feniciërs van Karthago langs die weskus af gekom en in 600 v.C. die suidpunt van Afrika omseil het.[30]

23. J.B. DE VAAL, Die rol van Joao Albasini in die geskiedenis van die Transvaal, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(1), 1953, bylae 1, p. 145.
24. THOMPSON, Ingots of native manufacture, pp. 14-16. Barend Snyman, een van my skoliere aan die destydse Happy Rest-skoolplaas, het twee *musuku* op hulle plaas Spilsby op 'n ou graf ontdek.
25. Voorbeelde in my versameling.
26. L.C. THOMPSON, A native-made tin ingot, *Nada* 31, 1954, pp. 40-41.
27. S.P. Engelbrecht-museum, Pretoria (EMP), Graadblad (plaaskaart) nr. 8, Leydsdorp.
28. PRELLER, *op. cit.*, pp. 72-73.
29. J.B. DE VAAL, *João Albasini* (ongepubliseerde manuskrip, 1982).
30. W. PUNT, *The relationship between pioneer routes in the Transvaal and ancient trade routes* (Johannesburg, 1975), p. 2.

Arabiere het hulle so vroeg soos 740 n.C. aan die ooskus gevestig om goud en yster van die inboorlinge vir doekgoed en krale te ruil. Hulle het vanaf Mogadisho in die noorde tot by Sofala in die suide 'n reeks handelstasies gevestig. Axelson is van oordeel dat die Arabiere se pogings om goud te verkry hulle so ver suid as Natal gebring het.[31] Naby Ladybrand is byvoorbeeld 'n rotstekening van Boesmans met pyl en boog wat hulle verdedig teen getulbande persone wat met spiese en borsplate gewapen is. Dit dui op Arabiere of Indiërs.[32]

In 1953 het mnr. C. Bauling van Lydenburg, toe 'n afgetrede onderwyser en seun van eerw. Bauling van Nooitgedachtsendingstasie, vertel dat bejaarde Swartes sy vader meegedeel het dat die ou myne op die sendingplaas digby die dorp aan 'n bruin ras met lang bruin baarde en lang wit jurke behoort het. Hulle het op muile gery omdat dié diere, in teenstelling met perde, bestand was teen die tsetsevlieg en perdesiekte. Volgens die beskrywing was dit Arabiere.

In 1855 tydens sy reis na Soutpansberg was pater De Santa Rita Montanha tot naby die Limpopo van 'n Arabiese handelaar Mamoed Amad Saiboe en sy tien Swart draers vergesel.[33] Vyf jaar later het die Portugese handelaar D.F. das Neves sy handelsware van 'n Arabiese handelaar uit Indië gekoop. By die Komati het 'n sewentigjarige Swart kaptein Das Neves meegedeel dat hy die eerste Europeaan was wat hy gesien het, aangesien die enigste witmense wat hy vanaf Lourenco Marques geken het Asiate (*canarim* of *baniane*) was wat af en toe ivoor kom ruil het.[34]

In 1890 het bejaarde Venda aan kolonel P.W. Möller van Groblersplaats, Louis Trichardt, vertel dat hulle as kinders handelaars met geboë neuse noord van Soutpansberg gesien het. Hulle was in lang wit hemde geklee en het in die rigting van die Rooibergtinmyne gestap — dus ook Arabiere.[35]

## DIE PORTUGESE AAN DIE OOSKUS


Agt jaar nadat die Portugese die Kaap in 1488 omseil het, het hulle 'n handelstasie by Sofala gestig en twee jaar later Mosambiek in besit geneem.[36] Hulle het slegs een keer per jaar 'n skip na Inhambane en Bahia da Lagoa (Delagoabaai) gestuur om ivoor, slawe, amber, heuning, botter, renosterhorings, seekoeitande en -hoewe van die inboorlinge te ruil. By Inhambane het hulle ook pêrels gevind.[37]

## DIE HOLLANDERS

Vanaf 1721 tot 1732 het die Hollanders Delagoabaai beset. Die eerste bevelvoerder was Willem van Taak, daarna Jean

*Die goue beslag van 'n renostertjie wat op Mapungubwekoppie in 'n graf op die plaas Greefswald aan die Limpopo gevind is.*

FOTO: C. VAN RIET LOWE



31. E. Axelson, *South-East Africa 1488-1530* (London, 1940), pp. 1-11.
32. C. van Riet Lowe, Ladybrand may rival Les Eyzies as the mecca of prehistorians, *The Outspan*, 10.3.1944, pp. 27 en 45.
33. TAB, Aanwins (A) 81 De Santa Rita Montanha se reisverslag, pp. 10 en 16.
34. D. Fernandes das Neves, *A hunting expedition to the Transvaal* (Londen, 1879), pp. 22, 24 en 28.
35. W.H.J. Punt, *Die eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin 1725* (Pretoria, 1975), p. 84 en voetnoot 8.
36. Axelson, *South-East Africa*. . . pp. 79-87 en 96.
37. E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa 1600-1700* (Johannesburg, 1969), p. 8.




*Kamanjan, 'n Shangana-Tsonga, wat as jong man langs die ou handelsroetes tussen Mashonaland en Delagoabaai vanuit Soutpansberg aan die handel meegedoen het.*

FOTO: J.B. DE VAAL

Michel en van 1725 af die energieke Jan van de Capelle. Die VOC se opdrag aan die Kaapse goewerneur, wat dit op sy beurt aan die bevelvoerder te Delagoabaai oorgedra het, was (1) om 'n landroete na die goudvelde van Monomotapa (Zimbabwe) te vind, (2) om die inboorlingroete waarlangs goud na die Portugese in Delagoabaai gebring is, te probeer ontdek en (3) om 'n permanente pad na die goud-, koper- en ystermyne van die binneland te vestig. Delagoabaai moes die basis vir die goudhandel met Monomotapa wees.[38]

*'n Mulemba, Motenda-Mbelengwa. Let op sy hoë neusbrug. Sy voorsate was die goudgrawers en -smede in Soutpansberg.*

FOTO: J.B. DE VAAL




In 1723 kon Van de Capelle aan die Kaapse goewerneur rapporteer dat (volgens Swart informante) baie min of geen goud in Mosambiek gevind word nie, maar wel amber, ivoor en was. Hy het nie van enige goud geweet wat die Portugese te Delagoabaai gehandel het nie. In dieselfde jaar het daar egter Swartes uit die binneland met koper en tin aangekom. Die kleur van beide metale was besonder goed, maar een van twee tinstawe was bros en lig, terwyl die ander een harder wees. Volgens Van de Capelle het die Swartes tin en koper saam gesmelt voordat hulle ringe daarvan gemaak het. Hierdie allooi het 'n besondere glans gehad en was buigbaarder en mooier as die ringe waarmee die Hollanders handel gedryf het.[39] Die Swartes het dus, soos dr. Percy Wagner by Rooiberg ontdek het, geweet hoe om brons te vervaardig.[40]

Twee jaar later (1725) het Francois de Kuiper 'n reis van Delagoabaai na die binneland onderneem om die goud van Monomotapa te gaan soek. As gevolg van die vyandiggesindheid van sekere Swartes het die ekspedisie nie sy doel bereik nie en moes die geselskap by die teenswoordige Gomondwano, slegs 48 kilometer van Skukuza af, omdraai. Tog het hulle waardevolle inligting in verband met die Phalaborwakopermyne, die ystermyne van Tshimbubfe en die voetpad en afstand na Zimbabwe ingesamel.[41]

In dieselfde tyd het Van de Capelle ook goud van die mense wat van Paraotte af gekom het, geruil. Hulle land was sewe dae se reis van die kus af, dus Noord-Transvaal. Daar kon 'n mens goud, koper en ivoor kry. Een handelaar het Monomotapa (Zimbabwe) geken omdat hy dit reeds besoek het. Dit was 'n handelsentrum vir goud wat vanaf

38. PUNT, *The relationship between . . .*, p. 9; PUNT, *Die eerste Europeane. . .*, p. 6 e.v.
39. G.M. THEAL, *Records of South-Eastern Africa 1* (Kaapstad, 1964), pp. 407-420 (Rapport van Jan van de Capelle . . ., 3.8.1723).
40. P.A. WAGNER, Bronze from an ancient smelter in the Waterberg district Transvaal, *South African journal of science* 13, Desember 1926, pp. 899-900.
41. PUNT, *Die eerste Europeane. . .*, pp. 44-78.



*Een van die afstammelinge van die ystersmelters by Tshimbubfe staan in 'n toegegroeide skag waaruit ystererts gegrawe is. 'n Broer van die skrywer, Pieter de Vaal, staan op die wal.*

FOTO: J.B. DE VAAL

hulle eie en ander gebiede daarheen gebring is. Monomotapa was tien dagreise van sy land af.[42]

In 1732 het Van de Capelle 56 stawe tin, naamlik twintig plat sirkelvormiges en 36 ronde langes vir 46,7 kg krale geruil.[43] In hierdie jaar was die Hollanders egter verplig om Delagoabaai weens die hoë sterftesyfer aan malaria en swartwaterkoors te verlaat.[44] Sewe en sestig jaar later, in 1799, het die Portugese 'n permanente handelstasie te Delagoabaai gestig. Die nedersetting Mosambiek (15 grade suiderbreedte) was die hoofkwartier en later is daar 'n goewerneur-generaal gevestig, met 'n goewerneur by Delagoabaai.[45]

## HOE DIE HANDEL LANGS DIE ROETES GEDRYF IS

Die ou Shangana-Tsonga, Kamanjan, vertel dat toe hy omtrent twintig jaar oud was, in omstreeks 1875, hy Magwambahandelaars van Soutpansberg na Delagoabaai vergesel het. 'n Groep van hulle het eers olifante met gifpyle in die oostelike Laeveld gaan skiet. Wanneer olifante gewaar is, het hulle stof in die lug gegooi om vas te stel van watter kant af die wind waai en die olifante dan van onder die wind bekruip. Die pyle is in die vleis geskiet en hulle moes dan wag totdat die dier beswyk. Die tande is met 'n klein byltjie uitgekap. As hulle genoeg ivoor ingesamel het, is dit met rou rieme of boombas aan 'n paal vasgebind. 'n Tand is deur twee persone op die skouers gedra, en as dit baie swaar was, moes 'n derde draer in die middel loop.

Die jagters en handelaars het daarna met hulle ivoor en kontantgeld na Delagoabaai gegaan. Daar het hulle groot komberse, klein kombersies of tjalies (bekend as *sitossana*), spieëls, tonteldose, krale en ander snuisterye gekoop wat in die binneland in aanvraag was. Met swaar vragte op die kop het hulle weer in groepe van twintig en meer in Soutpansberg aangekom. Van daar is hulle na Tshivhase, Rambuda, Thengwe en deur die Limpopo na Mashonaland, dit wil sê langs die bestaande ou handelsroete. Sodra die Shonas die handelaars gewaar het, het hulle op koppies geklim en geskree: "Die *vashavi* (handelaars) het gekom!" Die nuus het vinnig versprei en na 'n ruk het Shonas met beeste opgedaag. Tien tjalies of vyf komberse is vir 'n koei betaal. As hulle klaar gehandel het, is die terugreis aangepak. Elk van die twintig tot dertig handelaars het omtrent vyf beeste gehad, sodat daar tussen 100 en 150 beeste was om aan te jaag.

Op hulle terugreis moes hulle baie versigtig vir leeus wees. In die laat middag het hulle die beeste laat wei, terwyl sommige van hulle takke gekap en vuurmaakhout versamel het sodat 'n kraal vir die beeste en groot vure vir die nag gemaak kon word. Op hierdie wyse het hulle hulself en hulle diere teen leeus beskerm. As gevolg van waterskaarste moes hulle die beeste vinnig aanjaag ten einde deur die droë streke te kon kom.

Dicke het beplan om uit die skat van sy kennis vir sy onvoltooide manuskrip, *The Northern Transvaal Voortrekkers*, 'n bylae met die opskrif 'Old mineral and trade routes' te skryf.[46] Weens sy oorlyde het dit agterweë gebly. Tog het daar in *The bush speaks* interessante stof oor die metode van handeldryf bewaar gebly, soos uit die volgende blyk: "How was business conducted on such a trade route? The native traders using it did business separately, but provided for protection jointly. Along a route they established fortified depots where always some of them were to be found as there was much traffic on such a route. At the depots the traders rested their caravans and deposited their merchandise and the goods bartered. From the depots their

42. THEAL, *op. cit.*, p. 420.
43. *Ibid.*, p. 497.
44. PUNT, *Die eerste Europeane. . .*, p. 14.
45. DE VAAL, *Die rol van João Albasini. . .*, p. 1.
46. B.H. DICKE, The Northern Transvaal Voortrekkers, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 4(1), 1941, pp. 73 en 79.

retail pedlars went out in all directions amongst the people with whom they wanted to barter. To the depots the retailers returned to store the ivory, copper, and gold obtained until sufficient porter loads had accumulated to despatch carriers adequate in number safely to make the journey; the traders had always to be prepared to meet a surprise attack, a hold up, an attempt to rob or to exact tribute. According to the dangers to be met on different stretches between depots, traders would wait at the depots until others would be travelling the same direction with their caravans. Sometimes punishment had to be meted out to a native clan that had attacked a column or expeditions had to be undertaken to try and recover goods robbed."[47]

In 1862 het Joao Albasini as vise-konsul van Portugal in Transvaal so 'n rooftog by die landdros van Schoemansdal aangemeld. Vier Swart draers van die handelaar Covetti, wat in Lourenco Marques gewoon het, is in die Laeveld vermoor en beroof van: "180 stukken linnen in zoort
400 strengen Matombo kraalen
6 Bossen do do
300 Bossen kleine gekleurde do en
12 Bossen blaauwe geslepene do."[48]

Dit sal die moeite loon om na te gaan of daar nog oorblyfsels van die ou gefortifiseerde depots, waarvan Dicke skryf, langs die eertydse handelsroetes oorgebly het. Dit wil voorkom of João Albasini een (wat nog nie ontdek is nie) aan die Onder-Sabie gehad het,[49] een op Magashulaskraal, een op Klipkraal, een op Rustplaats en een op die plaas Madrid 39 aan die suidelike oewer van die Olifantsrivier.[50] Honderd en twintig jaar voordat Albasini van die roetes gebruik gemaak het, het sulke depots of rusplekke reeds bestaan. Mahumane het byvoorbeeld in 1727/28 op sy heen- en terugreis tussen Soutpansberg en Delagoabaai op twee verskillende rusplekke in hutte oornag wat spesiaal langs die handelsvoetpad vir reisigers se gerief opgerig is.[51]

Die enigste georganiseerde handelsreis en jagtog langs die ou handelsroetes waarvan ons 'n rekord het, is dié van die jong en intelligente Portugees Deocleciano Fernandes das Neves in 1860. Sy geselskap het bestaan uit: ". . .one hundred and twenty carriers, with bales of goods for trading with the Dutch; thirty with the merchandise proper for bartering for provender and provisions; three captains or guides for the carriers, seventeen hunters, sixty-eight negroes for transporting the necessary materials for the hunt, five carriers for my personal baggage, four servants, a second and third lieutenant in command, and four carriers for their separate use, in all mustering 253 men."[52]

Daar is reeds genoem dat die vroeë handelaars vir ivoor en ander produkte met krale en doekgoed betaal het. Ten einde goeie sake te kon doen, moes hulle die vraag en die modes van die binnelandse Swart vroue goed bestudeer. Das Neves merk hieroor op: "The dress is rather graceful. It consists of a cotton capelana fastened round the waist and scarf thrown gracefully in front both ends reaching the knees; around their waists they wear many strings of large blue beads and pale missanga (small glass beads).[53]

Vir 'n olifanttand met 'n massa van 69 pond (31,4 kg) het Das Neves die volgende betaal: "thirty pieces of blue cloth, five pieces of carlagani (Indian cloth), ten capelanas, thirty bunches of missanga and fifteen rows of blue beads, the whole amounting to the value of 66,000 reis (about £15). The tusk was worth in those days 86,700 reis (£19.5.0)."[54]

Cowrie-seeskulpies wat by Mapungubwe en die Matšhêmabouval in Noord-Transvaal uitgesif is, bewys dat dit ook as ruilmiddel aangewend is. William Bolts, verteenwoordiger van 'n Oostenrykse handelsmaatskappy aan die ooskus, het op 16 Julie 1777 'n brief van Mafumo af aan Andrew Pollet in Londen geskryf. Hy merk op: "Cowries of which there is great plenty to be had on some parts of these coasts and particularly at Iniãca Island is another considerable article of commerce and it merits our attention to encourage the collection of them."[55]

Kaptein Josia van die Bakoni, wat in die distrik Leydsdorp woon, het met behulp van 'n aantal ou stamlede in Julie 1944 in sy hoofstat interessante inligting oor die handel in die ou dae aan dr. N.J. van Warmelo verstrek. Swartes met pakke op hulle koppe het lank gelede van hulle tuiste Ga Mpfumo (Delagoabaai) af gekom om in die binneland handel te dryf. Hulle roete het die Lebomboberge by 'n Portugees, Mphisane, wat in 'n poort gewoon het, oorgesteek. Soms het van die Bakoni self ook met hulle handelsgoedere kus toe gegaan. Die invoerartikels was *thaga*-krale van verskillende kleure (groen, rooi en blou), *mabêtlwa* (seskantige blou krale), *maôkôlane* ('n soort blou doek) en later gewere, kruit en lood, wat ook van die Portugese afkomstig was.[56]

Nog 'n handelsartikel wat waarskynlik ook in die verre verlede van Delagoabaai af ingevoer is, was Middeleeuse staalharnasse wat in Europa deur ridders gedra is.

Toe 'n landmeter omtrent twintig jaar gelede met opmetingswerk in Sekhukhuneland besig was, het hy skielik 'n roerlose alleenstaande Swarte opgemerk wat hom uit die skaduwee van 'n boom dopgehou het. Die persoon het 'n staalborsplaat van 'n Middeleeuse harnas aangehad. Aanvanklik was hy stug en bot en wou hom glad nie identifiseer nie. Later is hy met geld omgekoop en het toe vertel dat hy een van 'n paar geheime wagte van die kaptein was, en dat hulle dieselfde mondering as uniform gedra het.[57]

Uit al die bogenoemde gegewens kan ons aflei dat die Arabiere, Hollanders, Portugese, Oostenrykers en Swart smouse oor baie jare heen handel gedryf het met groot blou ringvormige *matombo*-krale, groot blou gepoleerde kantige *mabêtlwa*krale, *thaga*krale van verskillende kleure, klein ligblou *missanga*kraaltjies, klein kraaltjies van verskillende kleure, en muntskulpies, by die Venda bekend as *tshêtshêla,* (die laggende skulpies, so genoem omdat die kepies na tandjies lyk). Verder het hulle linne, geblomde sis, blou katoenmateriaal bekend as *maôkôlane,* 'n rooi materiaal *moretele,* Indiese doek of *carlagani,* komberse en *capelanas* verhandel. Snuifdose, tonteldose, strooihoede, skoene, mansklere en kouse was alles deel van die prys wat betaal is vir ivoor, renosterhorings, renoster- en seekoeihoewe, goud, koper, tin, barnsteen, heuning, was en botter. Gewere, ammunisie en soms ook Middeleeuse ridderharnasse is aan die Swartes verhandel.

47. B.H. Dicke, *The bush speaks* (Pietermaritzburg, 1936). pp. 21-22.
48. TAB, S.S. 41 Staatsekretaris, inkomende stukke : R81/62 supplementêre stukke, 8.1.1862.
49. *Die Vaderland,* 13.12.1940 (artikel van G.S. Preller). Volgens 'n mededeling van dr. U. de V. Pienaar, hoof van die Nasionale Krugerwildtuin, is daar oos van Onder-Sabie 'n terrein waar die handelspos van Albasini (waarna Preller verwys) vermoedelik gestaan het. Dit het ongelukkig in die slag gebly toe die pad tussen Onder-Sabie en Krokodilbrug gebou is.
50. Persoonlike mededeling deur mnr. A.R. Kuit van Kempton Park. Volgens hom het sy oupa, mnr. Gert Kuit van Lydenburg, vroeër die plaas Madrid besit.
51. G. Liesegang, New light on Venda traditions : Mahumane's account of 1730, *History in Africa* 4, 1977, p. 169.
52. Fernandes Das Neves, *op. cit.,* p. 19.
53. *Ibid.,* p. 32. 'n *Capelana* was 'n doek van 1,825 by 1,825 meter (vier vierkante jaarts) wat deur Swartvroue as 'n tjalie gebruik is.
54. *Ibid.,* p. 89.
55. TAB, A 497 Dr. Mayr-Harting-versameling.
56. N.J. van Warmelo, *The Bakoni of Mametša* (ethnological publication No. 15, Pretoria, 1944), p. 48.
57. Persoonlike mededeling deur mnr. K.M. Wilkinson, landmeter verbonde aan die kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria.